25 Desember 2021

FAMILIE TUISBLAD

Psalm 96

Kersfees

Jesus is die Koning! Dis Kersfees en ons loof en prys die Here vir die groot liefde wat God aan ons as geskenk gegee het. Hierdie Psalm is ‘n loflied aan God waar die hele wêreld tot God se eer sing.

Lees: Psalm 96

Gesels:

- Wat is jou gunsteling Kerslied en hoekom?
- Watter opdragte oor hoe om God te loof, sien jy raak in hierdie teks?
- Dink terug aan julle jaar. Waarvoor is jy dankbaar? Maak ‘n dankbaarheidslys waar julle as gesin gesels oor alles waarvoor julle die Here wil eer.

Bid: Neem die Adventgebedsblokkie, wat ons herinner dat ons grootste geskenk Jesus se liefde is, en rol die blokkie elke dag 3 keer. Bid vir die dinge waarop die blokkie land.

Doen: Vandag loof ons die Here. Sing ’n paar Kersliedere saam. Neem dan ’n stukkie bordkryt en gaan versier julle sypaadjie of die pad voor julle huis met ’n Kersfees boodskap.

Luister Maandae tot Vrydae saam na die **DinkJeug Familie App**. Daar is elke dag ‘n kort boodskap en ‘n saamdoen wenk vir oud en jonk.

Laai die app gratis hier af:

Google Play: https://play.google.com/store/apps/details?id=com.dinkjeug.dinkjeugapp&hl=en
Apple iStore: https://apps.apple.com/za/app/dinkjeug-families/id1504077715

Vir meer hulpmiddels om jou hele bediening weekliks met dieselfde teksgedeelte te belyn, besoek NOUS by www.nous.org.za